basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2015

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   | | |
   |---|---|
   | AFDELING A: LEESBEGRIP (VRAAG 1) | (30) |
   | AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 2) | (10) |
   | AFDELING C: TAAL (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ŉ reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae.

# DAAR IS HOOP …



1 Toe Angela Larkan in 2009 ’n naam gesoek het vir haar organisasie, wou sy iets kies wat haar doel perfek beskryf het. Daarom het sy besluit op die Zoeloe-woord “thanda”, wat “liefhê” beteken.

2 Thanda, Angela se organisasie, voed en versorg VIGS-weeskinders in die armste gebiede van KwaZulu-Natal. Dié weeskinders het geen volwassenes om hulle te versorg nie.

3 Angela werk nie alleen nie. Sy het in haar beplanning seker gemaak dat sy mense uit dieselfde arm gemeenskap waarvandaan die weeskinders gekom het, aanstel om deel van haar span te wees. “In plaas van die weeskinders weg te neem uit hulle eie omgewing, word plaaslike jongmense opgelei om dié kinders elke middag na skool te versorg en te leer. Die kinders het dan iemand in hulle eie omgewing met wie hulle kan identifiseer. Die kinders leer by hierdie naskoolsentrum nuwe vaardighede,” sê sy.

4 As jong meisie het dit Angela se hart gebreek toe sy gesien het dat daar straatkinders was wat op sypaadjies onder kartonne slaap, terwyl sy elke aand in haar warm bed gelê het. Sy het ook eendag in ’n koerantartikel gelees van die impak wat VIGS en armoede op kinders het. Angela het net daar besluit om ’n verskil te maak.

5 "Ek het besef Suid-Afrika se infrastruktuur kan nie al die weeskinders ondersteun nie. Ek was bekommerd oor wat van hulle sou word. Dis toe dat ek besluit het ek moes iets doen," sê Angela.

6 Aan die begin het Thanda elke dag vir die weeskinders toebroodjies gemaak. Vir baie van die weeskinders was dit die enigste ete van die dag, maar toe Angela ŉ geldprys ontvang het as die wenner van die tydskrif, *Sarie*, se Dinamiese Vrou-kompetisie, het dinge verander.

7 Volgens Angela was dit beslis die moeite werd om aan dié kompetisie deel te neem. "Dit het my en my span gemotiveer om meer vir die kinders te doen. Dit het ook die hoop gegee dat daar nog hulp sal kom."

8 Sy het die R200 000 gebruik om ŉ voedingsentrum met ŉ groot kombuis te bou en so kon sy 'n beter voedingskema by die naskoolsentrum begin. Nou kry die kinders nie meer net toebroodjies na skool nie, maar ŉ gebalanseerde ete. "Omdat dit 'n hoër voedingswaarde het, is dit baie gesond," het Angela gesê.

9 In 2014 was haar grootste doel om ook 'n biblioteek by dié sentrum te begin. Sy het hierdie doel bereik. Sy kon ongelukkig nie haar tweede groot doel – om genoeg geld in te samel om nog 50 kinders in te neem – bereik nie. Nou droom sy daarvan om genoeg geld in te samel om teen die einde van 2015 daagliks sowat 200 ekstra kinders te bereik.

10 Een van die lesse wat Angela geleer het, was hoe belangrik dit is om 'n verhouding met die mense wat sy help, te bou. Sy het aan die begin baie meer tyd in die kantoor as tussen die weeskinders deurgebring. Nadat die Thanda-biblioteek in 2014 gebou is, het sy besluit om vir 'n paar weke daar te gaan werk. Later het sy ook saam met die personeel en kinders hoenderhokke gebou. Hierdie saamwerk het haar laat besef dat sy deel van die gemeenskap is.

11 Dis nou al vyf jaar dat Thanda as organisasie die plaaslike jeug ondersteun en leer deur die naskoolsentrum, die voedingskema en die biblioteek. Angela voel trots op wat sy en haar span bereik het. "Ons is deel van die geskiedenis. Ons is ook deel van die hede wat mense weer hoop gee en ons bou so aan hulle toekoms."

12 Angela en haar span bemagtig die kinders by die sentrum en maak hulle die helde in hul eie lewens en in die gemeenskap. "Dit is wat ons anders as ander organisasies maak – ons help die kinders om hul trauma te oorkom. Ons sien hulle nie as slagoffers nie, maar as helde."

[Verwerk uit: www.sarie.com]

1.1 Uit watter taal is die woord "thanda" afkomstig? (1)

1.2 Haal EEN woord uit paragraaf 1 aan wat die doel van Angela se organisasie opsom. (1)

1.3 Waarom was dit belangrik dat Angela plaaslike jongmense gebruik het om haar te help? (1)

1.4 Dit het Angela se "hart gebreek". (Paragraaf 4)

1.4.1 Word dié woorde letterlik of figuurlik bedoel? (1)

1.4.2 Verduidelik in jou eie woorde wat met die woorde bedoel word. (1)

1.5 Watter verskil was daar tussen Angela se slaapplek en dié van die straatkinders? (2)

1.6 Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde aan wat aandui dat Angela dadelik op die koerantartikel gereageer het. (Paragraaf 4) (1)

1.7 Hoekom, volgens paragraaf 5, het Angela by weeskinders betrokke geraak? (1)

1.8 Watter verskil het die geldprys wat Angela gewen het, gemaak ten opsigte van die kos wat die weeskinders gekry het? (2)

1.9 Noem TWEE positiewe gevolge wat die prysgeld op Angela se span gehad het. (Paragraaf 7) (2)

1.10 Angela het haar hele prysgeld gebruik om die weeskinders te help.

Watter TWEE karaktertrekke van Angela kan ŉ mens hieruit aflei? (2)

1.11 Waarom was 2014 nie vir Angela ŉ totale mislukking nie? (Paragraaf 9) (1)

1.12 Hoe, dink jy, sal Angela se biblioteek die weeskinders help? (1)

1.13 Angela se droom is om teen die einde van 2015 daagliks sowat 200 ekstra kinders te bereik. (Paragraaf 9)

Waarom sal Angela dalk nie haar droom vir 2015 bereik nie? (1)

1.14 Die kinders het geleer om hoenderhokke te bou. (Paragraaf 10)

Hoe kan die aktiwiteit die weeskinders help? (1)

1.15 Wat het Angela besef toe sy saam met die personeel en kinders gewerk het? (1)

1.16 "Ons sien hulle nie as slagoffers nie, maar as helde." (Paragraaf 12)

1.16.1 In watter opsig is hierdie kinders slagoffers? (1)

1.16.2 In watter opsig is hierdie kinders helde? (1)


1.17 Waarom is die plasing van die prent **aan die begin** van die artikel effektief? (1)

1.18 Hoekom is Angela ŉ positiewe rolmodel? (1)

**TEKS B: DIE IMPAK VAN GERAAS, GEMEET IN DESIBEL**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

# DIE IMPAK VAN GERAAS, GEMEET IN DESIBEL (dB)




[Verwerk uit: www.Grafika24.com]

1.19 Waarna verwys die zzz-klank in die visuele teks? (1)

1.20 Dit is nadelig om langer as 'n uur die gras met 'n grassnyer te sny. Motiveer hierdie stelling deur na die teks te verwys. (1)

1.21 Waarom is die geraas in 'n klas vol graad 1-kinders gevaarliker vir jou ore as 'n man se stem?

Verwys in jou antwoord na die graad 1-kinders EN die man. (2)

1.22 Kies die korrekte antwoord.

'n Klop aan die deur veroorsaak …

A ernstige gehoorskade.
B geen gehoorskade nie.
C meer skade as 'n Boeing.
D minder skade as 'n muskiet. (1)

1.23 Waarom is dit effektief dat die inligting in dié spesifieke volgorde van die muskiet tot die Boeing gerangskik is? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

### INSTRUKSIES

1. Som die SEWE wenke oor hoe om kritiek met grasie te hanteer, op.
2. Skryf die wenke PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C: HANTEER KRITIEK MET GRASIE

Niemand hou daarvan om gekritiseer te word nie. Daarom lei kritiek dikwels tot negatiewe emosies. Wat kan jy doen om kritiek positief vir jou te laat werk? Tejvan Pettinger gee die volgende wenke.

Voel jy miserabel oor kritiek? Al mag kritiek vir jou negatief lyk, is daar gewoonlik ʼn stukkie waarheid in. Evalueer eerstens kritiek om te kyk of dit dalk regverdige kritiek is oor iets wat jy wel verkeerd gedoen het. ʼn Belangrike wenk is om onregverdige kritiek te ignoreer as jy weet dat jy onskuldig is.

Die persoon wat jou kritiseer se aggressiewe stemtoon of lyftaal kan dieselfde reaksie by jou uitlok. Daarom is dit absoluut nodig dat jy so kalm moontlik op kritiek moet reageer as jy met grasie wil optree.

Nog ʼn wenk is om nie dadelik op kritiek te reageer nie! Die rede hiervoor is dat, as jy tot later wag, jy minder kwaad of seergemaak sal voel. Hoe moet jy op kritiek reageer om te wys jy is in beheer? Glimlag terwyl jy na die kritiek luister, selfs al voel jy nie gelukkig daaroor nie.

Die moeilikste wenk is seker om nie kritiek persoonlik op te neem nie. Oorsensitiewe mense vergeet gewoonlik kritiek handel oor *iets* wat hulle doen en wat hulle kan verander. Daarom gaan sit hulle in ʼn hoekie om hulself te bejammer.

Waardeer dit as iemand jou regverdig kritiseer. Daardie persoon kon jou geïgnoreer het sodat jy later weer dieselfde fout maak.

As jy hierdie wenke volg, kan jy kritiek met grasie hanteer.

[Verwerk uit: http://www.lifehack.org]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

## TEKS D

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

### LADISMITH BOTTER – ALMAL SE KEUSE




Die **Ladismith botterfamilie** is daarop gerig om iets spesiaals te hê vir almal se smaak.
MA, wat soos alle ma's daagliks die kos maak, gebruik die **Ladismitter Kultuurbotter** om (3.2) (Ma se) kos daardie ekstra geur te gee.
PA verkies regte botter; daarom is **Ladismith Botter** die beste botter vir hom.
OUBOET en KLEINSUS verkies die **Ladismith Smeerbotter** omdat dit die (3.5) (heerlik) smaak.

(3.6) Wat ook al jou smaak, **Ladismith** het net die botter vir jou?

**Ons Ladismith botterfamilie bied iets vir almal se smaak.**

Ladismith

***Nou beskikbaar by eksklusiewe supermarkte.***




[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 September 2013]

Kopiereg voorbehou 

3.1 Waarom is die woorde: "LADISMITH BOTTER – ALMAL SE KEUSE" in groot hoofletters geskryf? (1)

3.2 Vervang die woorde tussen hakies met die korrekte VOORNAAMWOORD.

Ma, wat soos alle ma's daagliks die kos maak, gebruik die Ladismitter Kultuurbotter om (Ma se) kos daardie ekstra geur te gee. (1)

3.3 Op watter manier word ma's in hierdie advertensie gestereotipeer? (1)

3.4 Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi.

Die woord, … , dui aan dat die produk nie by alle winkels te koop is nie.

A "regte"
B "qualité"
C "spesiaals"
D "eksklusiewe" (1)

3.5 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies:

Ouboet en Kleinsus verkies die Ladismith Smeerbotter omdat dit die (heerlik) smaak. (1)

3.6 Skryf die volgende sin oor en verbeter die LEESTEKENFOUT:

Wat ook al jou smaak, Ladismith het net die botter vir jou? (1)

3.7 Die "TROTS SUID-AFRIKAANS"-logo verskyn links onder in die advertensie.

Op watter manier word Suid-Afrikaners met hierdie logo gemanipuleer? (1)

3.8 Waarom dink jy word die inligting "Wenner van die Qualité-toekenning" in die advertensie ingesluit? (1)

3.9 Verwys na die prent in die advertensie.

3.9.1 Waarom plaas die adverteerder die botter in die **voorgrond**? (1)

3.9.2 Hoe skep die adverteerder die indruk dat mense wat hierdie botter gebruik, gelukkig is? (1)
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**NEELSIE** deur Danie Cronjé

Raampie 1 Raampie 2 Raampie 3




[Verwerk uit: www.daniecronje.co.za]

4.1 Verbeter die woordorde in die volgende sin. Skryf die sin volledig uit.

Jako en ek het 95% vir ons Wiskundetoets gekry! (1)

4.2 Verwys na raampie 1.

4.2.1 Hoe weet jy dat Neelsie die woorde "95%" hard sê? (1)

4.2.2 Watter leesteken wys dat Neelsie sy woorde beklemtoon? (1)

4.3 Watter VOORNAAMWOORD dui aan dat Neelsie en Jako albei die Wiskundetoets geskryf het? (1)

4.4 Watter indruk probeer Neelsie in verband met sy EIE punte in die Wiskundetoets skep? (Raampie 1) (1)

4.5 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.

Met die woord "ongelooflik" in raampie 2 sê die pa dat hy …

A nie gewoond is aan sulke punte nie.
B nie verbaas is oor sulke punte nie.
C teleurgesteld is met sulke punte.
D woedend is oor sulke punte. (1)

Kopiereg voorbehou 

4.6 Noem TWEE maniere waarop die pa se gesigsuitdrukking sy woorde ondersteun. (Raampie 2) (2)

4.7 Vervang die woord "Oraait" in raampie 3 met ŉ goeie Afrikaanse woord met dieselfde betekenis. (1)

4.8 Gee ŉ sinoniem vir die woord "gekry" in raampie 3. (1)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

5.1 **TEKS F**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

## GOEIE MANIERE

(5.1.1) "Goeie maniere is belangrik," sê Ouma. (5.1.2) Is jou ouma altyd reg?

Het jy al ooit soos ŉ (5.1.3) wurm gevoel? Jy daag met leë hande by ŉ (5.1.4) (werk+partytjie) op. (5.1.5) Al die ander kry die boodskap dat hulle iets moet saambring. Domkop! (5.1.6) Daar was ŉ boodskap. Die ander gaste het goeie maniere gehad. Met Anna Musson, kenner van goeie maniere, se wenke kan jy jou maniere verbeter.

***By ŉ formele ete***

Vra altyd wat jy kan saambring. Dit is goeie maniere vir die gasvrou om te sê: "Niks nie." Anna sê: "ŉ Goeie (5.1.7) gas moet iets saamneem." (5.1.8) ŉ Gasvrou verwelkom altyd sjokolade.

***RSVP***

RSVP beteken "antwoord asseblief". Dis nie goeie maniere om mense aan (5.1.9) ŉ lyntjie te hou nie.

***Tafelmaniere***

Daar is niks ergers as ŉ (5.1.10) ongemanierd mens aan tafel nie. Die ander groot fout is om lang (5.1.11) telefoongesprek aan tafel te voer.

***Wegbly***

Wegbly is die maklikste manier om (5.1.12) seker te maak dat mense jou nie weer sal nooi nie. (5.1.13) Dit is die beste om dadelik te bel. Jy kan om verskoning vra.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 17 Oktober 2013]

5.1.1 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

“Goeie maniere is belangrik,” sê Ouma.
Begin met: Ouma sê dat … (1)

5.1.2 Verander die VRAAGSIN na ŉ STELSIN.

Is jou ouma altyd reg? (1)

5.1.3 Gee die VERKLEININGSVORM vir die vetgedrukte woord in die volgende sin.

Het jy al ooit soos ŉ **wurm** gevoel? (1)

5.1.4 Vorm ŉ SAMESTELLING van die woord tussen hakies.

Jy daag met leë hande by ŉ (werk + partytjie) op. (1)

5.1.5 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Al die ander kry die boodskap dat hulle iets moet saambring. (2)

5.1.6 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Daar was ŉ boodskap. (1)

5.1.7 ŉ Goeie **gas** sal altyd iets saamneem.

Gebruik die HOMONIEM van **gas** in ŉ sin sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

5.1.8 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM.

ŉ Gasvrou verwelkom altyd sjokolade. (1)

5.1.9 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.

Om iemand “aan ŉ lyntjie te hou” beteken om …

A wasgoed vir iemand op te hang.
B iemand met wie jy oor die telefoon praat, te laat wag.
C iemand rond te lei.
D iemand in onsekerheid te hou. (1)

5.1.10 Gee die KORREKTE VORM van die vetgedrukte woord.

Daar is niks ergers as ŉ **ongemanierd** mens aan tafel nie. (1)

5.1.11 Gee die MEERVOUD van die vetgedrukte woord.

Die ander groot fout is om lang **telefoongesprek** aan tafel te voer. (1)

5.1.12 Gee die INTENSIEWE vorm van die vetgedrukte woord.

Wegbly is die maklikste manier om **seker** te maak dat mense jou nie weer sal nooi nie. (1)

5.1.13 Verbind die volgende twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Dit is die beste om dadelik te bel. Jy kan om verskoning vra. (sodat)
Begin met: Dit is die beste om dadelik te bel sodat … (1)

5.2 **TEKS G**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande prent gebaseer.

## NOODGEVAL!




[Verwerk uit: *Die Burger*, 11 Junie 2013]

Gebruik die woorde in die lys hieronder om die sinne (5.2.1–5.2.6) te voltooi.

| |
|---|
| mombakkies; pasiënt; portier; gehoorbuis; koppenent; kruisie; tydskrif; sterretjie; koerant; masker; stetoskoop; voetenent |

5.2.1 Die verpleegster met die ligte hare kyk weg van die … af. (1)

5.2.2 Die man op die bed noem ons die … (1)

5.2.3 Die embleem op die verpleërs se moue is ʼn … (1)

5.2.4 Die verpleër aan die … van die bed dra ʼn bril. (1)

5.2.5 Die verpleër naby die deur is die enigste een wat ʼn … dra. (1)

5.2.6 Die dokter se … hang bo-oor die kombers. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou